# JUNIOR SECONDARY CERTIFICATE

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **1130/4**

PAPER 4 Literature 1 hour 30 minutes

Marks 40 **2017**

Additional Materials: Answer Book

**INSTRUCTIONS AND INFORMATION TO CANDIDATES**

- Write your answers in the Answer Book provided.
- Write your Candidate Number and Name in the spaces provided on the Answer Book.
- Write in dark blue or black pen.
- Do not use correction fluid.

- Answer **one** question from Section **A** and **one** question from Section **B**.
- Pay attention to spelling, punctuation and sentence structure.

- All questions in each section of this paper carry equal marks.
- The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

This document consists of **7** printed pages.

**Republic of Namibia**

**MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE**

© MoEAC/DNEA

**Instruksies:**

- Beantwoord **twee** vrae, **een** uit elke afdeling.
- Begin elke vraag op ’n skoon bladsy.
- Skryf die nommer van die vraag boaan die antwoord.
- Netjiese en duidelike handskrif sal in jou guns tel.

## AFDELING A: POËSIE

Beantwoord **een** vraag uit hierdie afdeling.

Junior Verseboek – D. J. Opperman

**1** Bestudeer die volgende gedig noukeurig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Bitterbessie dagbreek**

Bitterbessie dagbreek
bitterbessie son
’n spieël het gebreek
tussen my en hom

Soek ek na die grootpad
om daarlangs te draf
oral draai die paadjies
van sy woorde af

Dennebos herinnering
Dennebos vergeet
het ek ook verdwaal
trap ek in my leed

Pappegaai-bont eggo
kierang kierang my
totdat ek bedroë
weer die koggel kry

Eggo is geen antwoord
Antwoord hy alom
bitterbessie dagbreek
bitterbessie son

*(Ingrid Jonker)*

**(a)** Watter tipe gedig is dit hierdie? [1]

**(b)** Kies **een** woord om die stemming van die gedig te beskryf **(hartseer/ opgewek/satiries)**. [1]

**(c)** Kyk na die titel van die gedig. ’n Bitterbessie is ’n swart bessie en dagbreek die begin van ’n nuwe dag.

Watter tipe beeldspraak kom in dié titel voor? [1]

**(d)** Watter tipe spreker tref ons in die gedig aan? [1]

**(e)** Verduidelik in jou **eie** woorde wat die spreker bedoel met die volgende versreëls: “ ’n spieël het gebreek tussen my en hom”. [4]

**(f)** Watter rympatroon en rym kom in strofe **2** tot **4** voor? [4]

**(g)** Hoe weet ons dat die spreker sukkel om van haar geliefde te vergeet? [4]

**(h)** Wat is ’n Eggo? [2]

**(i)** Wat bedoel die spreker met die woorde: “eggo is geen antwoord”? [2]

**[20]**

**OF**

**2** Bestudeer die volgende gedig noukeurig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**By ’n sterwende kindjie**

Eddie, kan jy my hoor?
Dis ek, oom Dominee.

Jy moenie bang wees nie,
die Here Jesus sal jou self kom
haal,
jou handjie vat.
Jy is mos lief vir hom.
Weet jy, die stad waar Hy woon
is so mooi, met pêrelpoorte
en fonteine. Sagaria, die
profeet, sê
oral op die pleine en die strate
speel die kindertjies.
Moet ek dit vir jou lees?

Jy wou iets sê?
Wag, ek kom nader –
kon nie mooi verstaan nie.

Jy wil nie gaan nie.

*(I.L. de Villiers)*

**(a)** Wat is die sentrale boodskap van die gedig? [2]

**(b)** Hoekom moet Eddie nie bang wees om dood te gaan nie?
Noem **twee** redes. [4]

**(c)** Watter plek word in strofe **2** beskryf? [1]

**(d)** Hoe lyk die plek waarheen Eddie moet gaan? [4]

**(e)** Wie was Sagaria? [1]

**(f)** Wat wil die dominee vir Eddie lees? [2]

**(g)** Wat noem ons die leesteken aan die einde van versreël **14** en wat is die funksie daarvan? [4]

**(h)** Wat is ironies aan die slotreël van die gedig? [2]

**[20]**

## AFDELING B: PROSA

Beantwoord **een** vraag uit hierdie afdeling.

Japtrap – J.P. en Ria Smuts

**3** Lees die volgende gedeelte uit die kortverhaal en beantwoord dan die vrae wat volg.

### Storm op die Berg – W.A. de Klerk

Daardie nag lê hy met oop oë en staar na die donker hemel bo hom. Ure lank volg hy die stadige wenteling van die sterrre. Hy kan nie slaap nie. Hy kan nie vergeet dat 'n paar treë van hom 'n meisie in haar slaapsak lê nie. Hy kan nie vergeet dat dit Christien is nie. Honderd maal daardie nag draai hy om en volg die stadige styging en daling van haar bors. Die maanlig skyn flou oor haar gesig.

Christien, Christien ...

En ander kant lê Jaco, diep in sy slaapsak gekruip. Rustig slapend. Jaco.

Is dit moontlik dat hy die struikelblok is? Hy verdryf eers die gedagte as belaglik. Maar dan onthou hy klein dingetjies van die afgelope paar dae: hoe sy dikwels saam met Jaco weggestap het om water te gaan soek; hoe sy soms lang gesprekke met hom gevoer het oor dinge waarvan hy self nie veel geweet het nie; hoe sy soms sy rugsak help inpak het.

Die dae wat volg, bring 'n ongelooflike ommekeer in sy gevoel teenoor Jaco.

'n Gestalte doem uit die mis voor hom op. Dis Christien. Hy beur wind op na haar en gryp haar aan die arm. "Wat het gebeur?" skreeu hy bokant die gehuil van die wind uit. "Waar is Jaco?"

Hy sien die angs in haar oë en weet dat sy vermoede al die dae in die berge reg was.

**(a)** Watter tipe verteller kry ons in die verhaal en wat is die funksie daarvan? [4]

**(b)** Hoekom kon die spreker nie dié nag slaap nie? [2]

**(c)** Hoe het die spreker se gevoel teenoor Jaco verander? [6]

**(d)** Watter natuurelemente het hulle klimmery bemoeilik? [2]

**(e)** Watter vermoede van Tonie is bevestig? [1]

**(f)** Hoekom het Jaco geval? [1]

**(g)** Hoe het die reddingspoging Tonie beïnvloed? [4]

**[20]**

**OF**

**4** Lees die onderstaande gedeelte noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Die Vuurdoop – Margaret Bakkes**

"Jy moet maar oor ander dinge dink, Daantjie."

"Ek sal probeer, Ma."

Wanneer sy uitstap, blaas hy nie dadelik die kers dood nie. Hy moet oor allerhande dinge dink. Net nie oor die oorlog nie. Dan onthou hy: die waentjie. Dat hy nou sowaar van die waentjie kon vergeet het! Daar is duisende dinge wat hy oor die waentjie kan dink. Vannaand sal hy alles mooi uitdink en net môre sal hy met sy pa praat. Hy blaas die kers dood en vroetel dieper onder die kooigoed in, sodat selfs sy ore toe is.

Dis al lank dat hy aan sy pa sit om vir hom 'n waentjie te maak. Een wat hy met 'n lang disselboom self kan trek. Maar met al die gedoentes van oorlog en dinge het die waentjie vergete gebly. Hy sal honderde dinge met die waentjie kan doen.

Die Kakie wat praat het 'n groot dik gesig en sy kwaai oë laat Daantjie se maag in hom draai. Klein, koue blink ogies, soos 'n vark s'n, dink hy. Dan gebeur dit. Daantjie sien hoe hy na die waentjie toe aanstap. Hy wil skreeu, maar sy stem slaan teen sy verhemelte vas. Met sy swaar laars skop hy die waentjie.

Dan ruk iets in hom los en soos 'n rasende storm hy agter die boom uit. Hy skiet op die dikgesig af en voor die verslae Tommies skop hy na die boomstamkuite van die man.

**(a)** Daantjie se ma sê hy moet oor ander dinge dink.

Waaroor het Daantjie gedink dat sy dit gesê het? [4]

**(b)** Na wie verwys die "Tommies" in die laaste paragraaf? [2]

**(c)** Watter ongeluk het Daantjie gehad? [2]

**(d)** Watter dinge sou Daantjie alles met die waentjie kon doen? [4]

**(e)** Hoekom het Daantjie op die dikgesig afgestorm en hom geskop? [2]

**(f)** Watter tipe beeldspraak is "boomstamkuite" in die gedeelte? [2]

**(g)** Watter invloed het die insident op Daantjie gehad? [4]

**[20]**